*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 1 Februarie 2026**

## Wanneer Jesus doen wat nét God kan doen en óns oproep om dit óók te doen: Vergewe!

*"Moenie oordeel nie, dan sal ook julle beslis nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, dan sal julle ook nie veroordeel word nie. Vergeef, dan sal julle ook vergewe word. Gee, en aan julle sal gegee word – 'n goeie maat... Haal eers die balk uit jou eie oog, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog te haal."*
(Lukas 6:37-38, en 42)

Op die eerste gesamentlike Sondag van 2026 – ons gemeente Berg-en-Dal se 70ste bestaansjaar – het ons begin om weer die Evangelie volgens Lukas te lees; die (ou-ou) verhaal, maar (vanjaar) op die uitkyk vir die woord "vergewe"... één van die sleutelwoorde in ons Christelike belydenis en getuienis. **Vergifnis**. Die Griekse woord *"áfesis"* beteken letterlik "om weg te stuur" of "om te laat gaan" of selfs "om te laat wees". In die Griekse wêreld destyds het dit veral 'n juridiese betekenis gehad, naamlik "om iemand te verlig van of vry te stel uit 'n regsverpligting"; 'n verhouding van "skuld". In die Griekse vertaling van die Ou Testament (die *Septuagint* of LXX = "Die Vertaling van Sewentig") word *"áfiemi"* gebruik vir die "verligting" of "versoening van sondeskuld", deur God (alleen) – sien Moses se woorde en gebed ná die episode met die goue kalf:

> *"Moses het toe na die Here teruggekeer en gesê: 'Ag, hierdie volk het 'n groot sonde gedoen. Hulle het vir hulle 'n god van goud gemaak. As U nou maar hulle sondes sal vergewe! Maar as U nie wil nie...' ... Die Here het egter vir Moses gesê: 'Die dag wanneer Ek rekenskap eis, sal Ek hulle tot verantwoording roep oor hulle sonde...'"* (Eksodus 32:30-34).

Dít verklaar Petrus se reaksie wanneer hy bewus word van Wie Jesus is, daardie dag op die strand van die See van Galilea, en sy uitroep: *"Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige mens!"* (Lukas 5:8). Dit verklaar die verlamde man se vreugde, die skare se verbasing én die Fariseërs se verontwaardiging toe Jesus vir die sieke sê: *"Vriend, jou sondes is jou vergewe"* (Lukas 5:20-24) – net Gód mag en kan dít doen en sê! Vryspreek!

Vanoggend egter, 'n nóg meer verrassende woord van Jesus: Dít wat Gód by uitstek doen – "vergewe"! – dít moet júlle gaan doen; só moet julle lewe, los die oordeel en laat vry... En só sou 'n genesende proses kon begin (oë sonder splinters, Luk. 6:42); 'n merkwaardige beweging op dreef kon kom, wat nie veroordeel of vergeld nie, maar vergewe... die Kerk! Ja?

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend – in die kerk, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout; in die saal deur ds. Johan en Lienkie Marais. Welkom aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

# LITURGIE

**Aansteek van Wydingskers**

**Wydingslied:** "Stuur nou u lig en stuur u waarheid" (Lied 272)
(drie keer en beurtsang: vroue, mans, almal)

**Votum:** **Liturg -** "Ons Heer,
U was vir ons 'n woning van geslag tot geslag;
voordat die berge gebore is,
ja, van altyd af en vir ewig is U God."

**Gemeente -** "Die dae van óns lewensjare is maar sewentig,
of as die kragte daar is, tagtig;
en die beste daarvan vol moeite en sorge,
en dit vlieg verby."

**Liturg -** "Leer ons dan, Here,
om ons lewensdae na waarde te skat;
sodat ons 'n hart vol wysheid sal verwerf."

**Gemeente -** "Versadig ons in die oggend met u troue liefde,
sodat ons al die dae van ons lewe,
kan juig en bly wees.
Amen." (uit: Psalm 90)

**Seëngroet**

**Loflied:** "By U, o Here, soek ek skuilplek" (Psalm 31:1, 7 en 9)

**Herinnering aan die Tien Woorde vir 'n gelukkige lewe...**

**Verootmoediging:** "Heer, wees genadig" (Lied 243 – twee keer)

**Herinnering aan die genadeteken van die doop...**

**Danklied:** "By u verbondsbeseëling, Heer" (Lied 287:1)

**Oproep aan doopouers, geloofsbelydenis en gebed:** Lied 287:3

**Bediening van die doop aan klein Danie Havenga**

**Dankgebed en danklied:** "Bewaar ons kroos van kwaad, o Heer" (Lied 287:4)

**Skriflesing:** Lukas 6:17-20 en 37-42

**Verkondiging**

**Dankgebed en voorbidding**

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Ons Vader, neem ons hande" (Lied 532:1, 2 en 3)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 1 Feb | 15:00 – Geen Sothodiens vanmiddag. |
| | 18:00 – Ds. Janke Hurter, met Miané Smit (Jeugdiens). |
| Sondag, 8 Feb | 09:30 – Ds. Janke Hurter; gesinsdiens in saal – ds Jan Lubbe. |
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Geen aanddiens, maar wyksbyeenkomste soos gereël. |

**Kleingroep/Wyksbyeenkoms, Sondag 8 Februarie 2026**

Ons eerste kleingroep/wyksbyeenkoms vir 2026 gaan oor die tema van **"70"** in die Bybel, 'n paar besondere tekste daaroor en die boodskap vir ons gedenkjaar in Berg-en-Dal – almal welkom. Plekke en tye word volgende Sondag in Fokus geplaas…

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

01 Feb. Daniëlle Breytenbach, Miané Heenop en Conrad Janse van Rensburg.
02 Feb. Gert Badenhorst, Gert Botha, Klara-Laine Human en Hanta van Wyk.
03 Feb. Manie Breytenbach, Ruan Engelbrecht, Johan Loots, Amelia Pietersen en Tracy Potgieter.
04 Feb. Antzé-Mari Heennop, Rossouw van de Wall en Karen van Vuuren.
05 Feb. Elné Bester (Jerling), John Lonergan, Tony Roque, Talisa Snygans, Jaco v/d Wall.
06 Feb. Paul van den Berg en Gerna van der Schyff.
07 Feb. Mandie Claassens, Nadine Claassens, Tiaan de Wet, Valerie du Plessis, Nico Junius en Dunette Naudé.

Hartlik geluk ook aan ons doopouers vanoggend – Danna en Teresa Havenga (Noordhoek)!

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Oom Johan Badenhorst (Siësta, wyk 10) en Hercules Pretorius (Noorderbloem); ons dink ook aan prof Johan en Stella van Staden, by die ongeluk van hul seun – en so, aan elkeen wat 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons meelewing aan Tannie Lue Kruger van die plaas Vlakspruit, met die heengaan van Oom Kosie die afgelope week; ook so aan Louis, Margaret en klein Kosie (Strydfontein); mag jul vertroosting by die Here vind.

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak gerus ds. Johan Marais (084 517 8052), wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Sewe tekste uit sewe dekades van Berg-en-Dal se lewe voor Gods aangesig – II (1960's)."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *'n Padkaart vir die lewe*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
Baie dankie aan almal wat in Januarie vir ons gasvryheid gesorg het; in Februarie is **Wyke 7** (blok tussen kerkgebou, Prellerplein en Emily Hobhouseplein) en **8** (blok noord van Emily Hobhouse) aan diens; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Inligtingstafel in die binnehof:** Kom kry alle inligting, ons Almanak 2026 en kategese-boeke vir meeleef vanjaar in Berg-en-Dal; veral nuwe intrekkers!

## BEDIENINGE

**Ons bedieningsvergaderinge vir die jaar skop hierdie week af...**
Sien die ingeslote bladsy met ons Roepingsverklaring én 'n hartlike uitnodiging om by een van ons bedieninge betrokke te raak – ons het jou kreatiwiteit en kundighede nodig, om die lewe van ons gemeente en ons betrokkenheid in die gemeenskap te verryk!

**JEUGBEDIENING**
**Jeugdiens vanaand!** Ons nooi graag al ons gr.7's – gr.11's, matrieks, jongvolwasenes en ouers uit na vanaand se byeenkoms met die Protea-krieketspeler Miané Smit, om 18:00.

**GEMEENTEBEDIENING**
**Seniorbediening:** Alle lidmate 65+ word uitgenooi na ons eerste gesellige kuier vir 2026 – Woensdagoggend, 11 Februarie om 09:30 in die Jeugkamer!

**Vrouebediening: Dankie-sê.** Februarie is tyd vir ons dankie sê-insameling – 'n besondere manier om deur jou bydrae, 'n verskil te maak op soveel terreine waar vroue uit ons gemeente by noodleniging en ontwikkelingshulp betrokke is. Neem gerus 'n koevertjie...

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dank-baarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 1 Februarie: **Bedieningsbegeleiding.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**